# St. Herbert van Keulen

## 16 Maart

(970-1021)



Hy was die seun van graaf Hugo van Worms en hy word opgevoed aan daardie stad se katedraalskool. Hy word priester en keiser Otto III stel hom aan as rykskanselier. In die jaar 999 word hy aartsbiskop van Keulen en daarmee die vernaamste Kerkman in die Heilige Romeinse Ryk. Hy was ’n uiters bekwame staatsman wat nooit sy diep en opregte geloof uit die oog verloor het nie. Hy het baie eenvoudig gelewe en nooit die mag wat aan hom toevertrou was misbruik nie. Onder sy ryk gewade het hy altyd ’n boetekleed gedra. Hy was die vertroueling van keisers en prinse wat hom om raad en insig kom vra het. Sy wysheid was dié van iemand wat die heeltyd sy Here voor oë gehou het. Hy bring sy laaste jare in gebed en naastediens deur in die klooster wat hy gestig het.

© Die Oratorium Uitgewery